Miljoene jare aarde

G. J. du Preez 072 1876 076

Is die aarde miljoene jare oud?

Kom ons kyk na die volgende vrae:

a) Was dood daar voor Adam wette oortree het?
b) Wanneer het Ha satan geval?
c) Was Ha satan reeds god van die wêreld toe YAH Adam heerskappy gegee het?
d) Duisende spesies van lewende diere wat gefossileer het; Het YAH hulle herskep?
e) Wanneer YAH gesê het: "dit is goed" was Ha satan boos en het Adam en Eva op duisende dooie plante en diere gestaan?
f) Moes die vloed van Noag nie alle bewyse van die miljoene jare se goed verwyder het nie?
g) Wat het YAH bedoel in Ex.20:11 en 31:17?
h) Moet almal die Skrif verstaan soos dit daar staan?
i) Die gras, plante en bome is geskep op die 3 de dag en die son op die 4 de dag.
j) Wat beteken Gen.1:2 . Tohu waw bohu
k) Verbreek (j) se antwoord nie die Skrif in: Gen.1:5; 2:2-3; Ex.20:11; nie?
l) Het Ha satan voor die 7 de dag geval?

A) *Job 26:6 Naak lê die dode (Sheol) voor Hom, en die plek van vertering het geen bedekking nie.* As dood en die doderyk voor Adam bestaan het, kom die vrae soos: die dooies voor Adam, het hulle dan ook vir 'n oordeel gewag nadat hulle regoor die aarde reeds veroordeel was? Het hulle soos ons gees en siel gehad? Het Hades en Sheol dan nog 'n kans gekry om meer in die doderyk te kry? Volgens Open. 20:13,14 gaan Hades saam met Sheol in die poel van vuur gewerp word! Open.1:18 sê YAHUSHA dat Hy die sleutel het, m.a.w. mag is weggevat van hulle,waarvan hulle ook nou wagtend is op straf. Hoekom sal ons Skepper sê dit is goed as Hy iets geskape het? Dan het Hy Hades en Sheol ook geskep wat goed moes gewees het; Waarom dan die oordeel oor hulle in die laaste tyd?

B) Volg in *Gen.1:31 Toe sien ons Skepper alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag. Gen.2:8 Ook het ons Skepper 'n tuin geplant in Eden, in die Ooste, en daar aan die mens (Adam) wat Hy geformeer het, 'n plek gegee. Eseg. 28:11-16; 11. Verder het die woord van YAH tot my gekom en gesê: 12 Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek YAH: Jy was die seëlring van eweredigheid,vol wysheid en volmaak in skoonheid 13 Jy was in Eden, die tuin van dié Skepper; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: ...; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. 14 Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n reine berg; 'n heerser was jy; ... 15 Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is.*

Eseg.28:16 Weens die grootheid ...., en jy het Wete oortree; daarom het Ek jou as onreine van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig,....! Ha satan se posisie, soos ons lees, was ook hoog in aansien, maar hy was nie daarmee tevrede nie, want hy was onder Adam wat as heerser aangestel was. Let op, YAH praat met Esegiël en sê: "*Ek het jou gestel*" "*Volkome was jy*" (*dit is goed*), m.a.w. YAH het hom "*geskape*". Na + - 100 jaar in die tuin van Eden het Ha satan sy heerskappy saam met Adam verloor, 100 jaar het dit hom gevat om sy bose planne mee vorendag te bring. Gen.5:3 (*hoekom 100 jaar, want Set was 130 j na Adam gebore*).

C) Ha satan se heerskappy in Eden was beperk tot onderdanigheid aan Adam, waarvan Adam dit verloor en Ha satan heerskappy ontvang het. Ha satan was daarvandaan so vermetel om oral in die plek van alles as heerser te staan (Anti). Jes. 14:12

D) Duisende spesies van dier en mens wat gefossileer het is uitgegrawe. Ek dink dit is pragtige bewyse, want dieselfde soort dier en spesies wat vandag nog leef is gekry wat vir my bewyse is dat dieselfde Skepper hulle ook moes geskep en geskape het. Job.40:10-19 In die begin het ons Skepper gesê: eerste dag; eerste rivier; eerste mens en of eerste reën op die aarde. Sou YAH dan vir ons 'n leun vertel het?

E) Wanneer YAH gesê het: "dit is goed" het Hy mos nie onwaar gepraat nie. Ha satan wat ook geskape was soos al die ander wesens, was ook tog goed! Ha satan se val en boosheid moes ook in die tuin van Eden gewees het terwyl hy onder Adam gewees het. So ook het Adam en Eva nie op duisende dooie plante en diere gestaan nie, want dan sou daar tog dood onder hulle gewees het. Dood het sy intrede op aarde gehad met Abel. Soos ons lees in die Skrif dat sy stiefbroer Kain hom dood geslaan het en dat sy bloed na YAH uitgeroep het. Dink net by jouself die ontsettende groot hoeveelheid fossiel beendere wat "voor" Abel onder die grond moes gewees het, het YAH hulle dan nie aan gehoor nie?! Of het hulle dalk na die vloed van Noag daar gekom?

F) In *Gen.6:7 staan: En YAH sê: Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het*. Die vloed wat YAH toe oor die aarde gestuur het, het alles vernietig *(verdelg)* vanaf Adam tot Noag. Dan sal al die bewyse van die miljoene jare se goed ook vergaan het, dan nie? (Bewyse is daar vir ons gelaat en opgegrawe deur die geoloë).

G) YAH sê in *: Ex.20:11 Want in ses dae het YAH die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het YAH die Shabbatdag geseën en dit gereinig/afgesonder Ex.31:17 … in ses dae het YAH die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.*
'N ses-dag skepping was dit gewees en met verkwikking het YAH op die 7 de dag voltooi waarmee Hy begin het *"Dit was alles goed".*
As ons na Jes.14:12 kyk*: Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!* Was Ha satan toe goed of sleg?

H) Joh. 8:42 En YAHUSHA sê vir hulle: As VADER julle VADER was, sou julle My liefhê, want Ek het uit VADER uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur. 8:43 Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle na my woord nie kan luister nie. 8:44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mense moordenaar van die begin af…..(in die begin het YAH geskape en nie voor die begin nie). *8:47 Die wat uit VADER is, luister na die woorde van VADER. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit VADER is nie. Joh. 17:16 Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie. 17:14 Ek het hulle U woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie. Matt. 15:24 Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van ~~Israel~~* Yashar'EL. *19:11 Maar Hy sê vir hulle: Almal vat hierdie woord nie, maar net dié aan wie dit gegee is.* Dus is die Skrif nie vir almal nie, want dit is die Geskiedenis boek van die uitverkore!

I) Feitlik alles op aarde het die son nodig tot bestaan en as ons nou die 1000 jaar moet deurtrek dan het die gras, plante en bome wat geskep is nie die son nodig nie (*Ewolusie lering)*. Daar was geen son en sterre met al die ander hemelliggame voor die 4 de dag nie. So, logies moes dit die vorige dag geskep gewees het.

J) Wat beteken Gen.1:2. Tohu waw bohu= unformed and unfilled of 'n 6 de in 'n 6 de. Dit beteken nie verwoes nie, maar wel ongevormde en onvervulde (*'n houthuis se planke lê in 'n hoop)*. Hoe kan daar enige bewyse wees oor die miljoene jare se fossiele met 'n ongevormde en onvervulde aarde? K.J. *Jer. 4:23 I beheld the earth, and, lo, it was without form, and void; and the heavens, and they had no light. Jes.45:18 Want so sê YAH, wat die hemele geskape het—Hy is dié Skepper!—wat die aarde geformeer en dit gemaak het—Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woes te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word—Ek is YAH,…Gen 1:5…en dié Skepper het die lig dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem… die eerste dag*. 'n 6 de uit die huis bo se houtstapel op die eerste dag, "en dit was goed".

K) *Gen 2:2 En ons Skepper het op die sewende dag sy werk voltooi … gerus <u>van al Sy werk</u> …. Ex.20:11 Want in ses dae het YAH die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die <u>sewende dag</u> het Hy gerus. Gen 2:3 … <u>al Sy werk</u> wat dié Skepper geskape het deur dit te maak.* Sal YAH dan tog vir ons 'n leun vertel om te sê <u>al Sy werke</u> en of <u>die eerste dag?</u> Ons is verduidelik in die Skrifte dat daar nie tyd in die ewigheid is nie, m.a.w. een dag, duisend jaar, duisend jaar, een dag. Net toe YAH tyd geskep het, het die dag en nag ingetree. En dit was aand en dit was more "Dié Eerste Dag" YAH se werke het met die Aarde begin, want Hy het gesê: In die begin. Voor daardie "begin" weet ons nie en dit gaan ons ook nie aan nie.

L) Toe YAH sê in *Gen 1:31 Toe sien ons Skepper alles wat Hy gemaak het, <u>en—dit was baie goed</u>….. Eseg.28:12-15; 12 Mensekind, hef 'n klaaglied aan…..sê vir hom: So spreek YAH: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. 13 <u>Jy was in Eden</u>, die tuin van dié Skepper;……; op die dag toe jy <u>geskape is</u>, is hulle berei. 14 Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n reine berg; (volke) 'n god was jy;… 15 Jy was … <u>geskape</u> is,….*
Ons kan dit ook sê, want Abraham kon ook al die mooi woorde van bo ontvang het en nog meer, want hy was 'n vriend van YAH genoem, so was hy ook 'n heerser en vader van sy nageslag. Moses is ook 'n heerser genoem oor die volk en dan bevestig YAHUSHA (*aan die Jode*) dit ook dat ons 'heersers' is Joh.10:33. So dit is onmoontlik dat ongeregtigheid in Ha satan kon wees voor die sewende dag weens sy skoonheid, want YAH het gesê: "Dit was baie goed" en dit sluit Ha satan in.

Soos bo in (B) verduidelik is, het Ha satan eers na die skepping van Eva die geleentheid gevind om Adam se heerskappy van hom te steel. Ha satan het gedink dat hy soos Adam uit Eden sou heers, maar is saam met Adam uitgeskop. So Ha satan kon nie voor die sewende dag geval het nie, maar wel 100 jaar daarna.
Hoor wat YAH sê: in *Gen.1:6-7 En ons Skepper het gesê: Laat daar 'n uitspansel wees tussen die waters, en laat dit skeiding maak tussen waters en waters. 7 dié Skepper het toe die uitspansel gemaak en die waters wat onder die uitspansel is, geskei van die waters wat bo die uitspansel is. En dit was so. (2 Pe 3:5 -7 Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af <u>hemele</u> was en 'n aarde wat <u>uit water en deur water ontstaan het</u> deur die woord van ons Skepper, 6 waardeur die toenmalige wêreld (Noag) met water oorstroom is en vergaan het. 7 Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die bose mense.*

Daar is ‘n “hemel” van die aarde, en “hemele” buite die aarde. Die hemele is baie oud, maar nie die aardse hemel nie, want YAH het die aarde daarna uit water en deur water geskep.

Ons begin voor: **Eers** was dit die lig, toe die skeiding van die waters sodat daar ‘n uitspansel kan wees (*Die uitspansel is die aarde*). Onder die aarde is die eerste waters waarvan gepraat word in *Ps. 136:6 Wat die aarde op die water uitgespan het, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.* *Gen 7:11…. op dieselfde dag, is al die fonteine van die groot watervloed oopgebreek, en die sluise van die hemel is geopen;* (Gen. 49:25) **Tweedens**, waters is bo-op die aarde wat ons ken as die see. *Ps. 24:2 want Hy het dit gegrond op die seë en dit vasgestel op die strome.***Derdens**, Bo, weg van die twee waterskeiding het ons nog ‘n waterskeiding gekry. *Job. 38:37 Wie kan die wolke met wysheid tel? En die watersakke van die hemel—wie giet hulle leeg*. In die begin moes daar ‘n baie dik laag water bo die aarde gewees het wat ‘n beskermde koepel vir die aarde was. *Pre. 8:27 Toe Hy die hemele berei het, was Ek daar; toe Hy ‘n <u>kring afgetrek</u> het op die oppervlakte van die wêreld vloed;*(sien onder*) Jes. 40:22 Hy sit bo die kring van die aarde, en die bewoners daarvan is soos sprinkane; Hy span die hemele uit soos ‘n dun doek en sprei dit uit soos ‘n tent om in te woon. Gen 1:20; Luk 10:18 Toe sê Hy vir hulle: Ek het ~~die~~ Ha satan soos ‘n bliksem uit die hemel sien val.* YAHUSHA praat van ‘n bliksem wat slegs op aarde sigbaar kan wees wat Hy logies ook geskep het (sien onder/weerligstraal). *Jes. 14:13; Jes. 14:14 Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!* (Sien onder) *Gen 3:20 En die mens het sy vrou Eva genoem, omdat sy <u>moeder</u> geword het van alles wat lewe*. So voor Adam en Eva was daar op aarde geen lewe of dood nie. *Neh.9:6 U is alleen YAH, U het die hemel, die hoogste hemel en al sy leërskare, gemaak, die aarde en alles wat daarop is, die seë en alles wat daarin is,…..* Lees mooi dat daar geskryf staan hemel, al praat die skrywer hoogste hemel is dit nog steeds die aardse hemel en nie die “hemele” nie.



Ns:
Daar is die “hemel” waar daar ontsettend baie sterre aanhang en onder die sterre planete waarvan dit alles so oud is soos die aarde. Die hemele is onbekend vir ons en daarom spekuleer die astroloë daaroor (*Miljoene en Biljoene jare*). Die bekende aarde waarop ons leef het sy eie hemel waarvan YAH (*VADER se Seun*) dit geskep het en tyd daaraan gebind het.

In die "hemele" is ons VADER besig met SY magte waarvan Heerskappy onbekend is vir ons as mens. Uit daardie Heerskappy het VADER vir YAH SY Seun 'n spasie gegee om te skep. Job. 26:10; Spr. 8:27. YAH skep 'n aarde met sy eie hemel en alles wat op daardie aarde nodig is om self-onderhoudend te wees. Die aarde met sy verskillend metaal–lae (*goud, tint, koper, lood, silwer, yster, ens.)* was so perfek gemaak deur YAH dat dit nie eens reën nodig gehad het nie. Onder daardie edelmetale was (nog steeds) 'n water see wat die aarde van binne af nat gemaak het. Alles was so perfek op aarde dat lewe maklik net kon uitspruit. Soos ons in die Skrifte kan leer wat alles met die aarde gebeur het, en daarom die agteruitgang van die aarde.

Die term "In die begin" in Gen. is 'n bepaalde tyd van aanvang. 'n Plek of tyd waar skepping se oorsprong lê. Sodra enige saak begin, begin geskiedenis. Baie wil Gen. 1:1 tot vers 2, miljoene jare inbring wat onwaar is, want tyd wat toe sy ontstaan ontvang het, het begin met die skepping van hemel en aarde. Die term "woes en leeg" in Gen. bestaan nie. In die King James Skrifte staan: *without form, and void.* Die Strong's verwysing no.(H 922)sê Sonder vorm, Leë spasie of vormloos. Die Hebreeuse ware woord betekenis is: 'n sesde in 'n sesde, m.a.w. dit wat geskep gaan word lê bymekaar bv: die houthuis se totale boumateriaal lê gestapel en lê reg vir oprigting; Sonder 'n bepaalbare vorm of fatsoen lê dit daar, m.a.w. die huis lê in daardie stapel hout (*Iets binne in iets*).

Nou kom ons by die kern van die saak: "hemel en aarde"
'n Hele paar honderde verse in die Skrifte kry ons die hemel en aarde scenario. Ons aarde met sy hemel is die fondament vir die hemelliggame wat bo hom is. Baie kleineer is die sterre en die ander planete bo die aarde. Bo ons bekende aarde met sy hemel is daar nie 'n planeet soos die aarde wat sy eie hemel het nie. Vir eeue lank soek die astroloë kamma na nog lewe soos ons aarde, maar met geen sukses. Hoekom? Omrede hulle ewolusionêre is, hulle glo nie in dit wat in die Skrifte staan nie.

Kom ons kyk wat sê die Skrif oor die saak:
*Gen. 1:1 In die begin het ons Skepper die hemel en die aarde geskape (*YAH het die hemel en nie hemele geskape).
Ex. 20:4 Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie (indien iemand 'n vergelyking wil maak moet hy dit tog eers sien!, m.a.w. soos 'n duif, vis, son, maan, Tammus, Astarte, ens. Dinge wat YAH ons Skepper wel aan die heidene uitgedeel het. Deut. 4:19 ; Jer. 7:18).

Vir die interessante, Daar is drie hemele (realms). Die eerste wat ons as geskapenes in lewe (*aarde met sy sterre en planete*), Tweede is waar die geestelikes in woon (*demone ens*.) en derdens is waar VADER in woon.

Dus bo in die aarde se hemel is die tweede hemel wat ‘n onbekende realm is vir baie. In daardie hemel realm is baie boodskapper magte wat daar deur YAH gelaat was om die aarde op te pas en Sy bevele uit te voer. YAH het vir Adam aangestel om oor die aarde te heers (*eerste hemel*). Ha satan op sy beurt het diens gelewer vir YAH,waarvan hy in die tweede hemel onderdanig was aan YAH en so ook onderdanig was aan Adam op aarde (eerste hemel). Ha satan ontwikkel ‘n wrok teen Adam, want Adam het nie daardie kragte wat hy ontvang het by YAH nie, tog was Adam sy hoof. Ha satan kon in die tweede hemel en op aardse een wees waarvan Adam net op aardse kon wees.

Ha satan was ook ontevrede, want die wesens op aarde het die voorreg gehad om self te kan vermeerder (*wil amper sê skep*).
(*‘n Begrip wat ek moet tuisbring is:“Tuin van Eden”. Die aarde is die Tuin waarvan die hemel, Eden is, want dis waar heerskappy is en weer gaan vanaf kom*). So in daardie onbekende realm wat ons ken as “hemel” leef en regeer YAH se boodskapper-mag; die wind en weer, die warmte en koue en die donder en weerligstraal. YAH is die Skepper van die “hemel” Gen. 24:7.2 ; Kron. 20:6 ; en VADER is die Skepper van die “hemele” Spr. 8:27 ; Open. 1:6 Nêrens in die Skrifte staan dit dat enige mens of boodskapper na die ‘hemele’gegaan het nie.Die wat wel na die‘hemel’van die aarde gegaan het soos Henog, Elía of die wat opgestaan het toe YAHUSHA gefolter was Joh. 3:13; 2 Kon. 2:11

Wat besef moet word is dat Ha satan die Eenheid begrip aanval! Glo en besef dat daar ‘n VADER in die hemele is en dat HY ‘n Seun het wat uit die hemel met Sy boodskappers alles op aarde beheer. *Ha satan is wel uit die tweede hemel geskop en is gebind aan die aarde se hemel waar sy demoniese magte as ‘n brullende leeus onder ons maai*).

As jy wil sê : “Vader YAH” moet jy weet dat YAHUSHA wel die Vader figuur is, want ons is Sy skepping. Ons middelaar YAHUSHA is VADER se Seun en ons Sy kinders. Die heelal met al sy Hemele behoort aan dié VADER waarvan VADER SY Seun se skepping oorgegee het aan Hom. *Matt. 12:50 Want elkeen wat die wil doen van My VADER wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder.* Hoe kan die mens ‘n broer van die VADER ALMAGTIG wees? Ons kan slegs ‘n broer van YAH die Seun wees; “want Hy het so gesê”!

Ter afsluiting:
Die gaping teorie het sy ontstaan gekry in 1814 deur Ha satans werker Darwin en sy mane, daarom vra ek u asb., aanvaar dit wat daar staan.
(Universe = Uni beteken single & Vers beteken spoken sentence. YAH het gespreek en dit was so. Bedink dit